### *Oor die vrye selfbeskikking. Die ware lewe kom uit die hart*

**93**(**vervolg**) [18] **Judas** sê: ”Ja, ja, dit is so! Maar as mens allerlei diewe daarteen wil hou, deur die mense niks te laat besit wat die diewe geval nie, dan sal daar aan mense ontsettend baie verander moet word! Ten eerste sou elkeen ewe arm aan aardse goedere moes wees, ten tweede sou elkeen daar dieselfde moet uitsien net soos mannetjies- en vroutjies muise en ten derde sou niemand wyser mag wees as al die ander nie! Maar so lank dit by almal nie die geval is nie, het al die praat, onderrig en tekens geen nut nie! Vele sal hulleself wel iets daarvan aantrek, maar tien keer meer mense sal ondanks al die lesse en tekens bly soos hulle is, as hulle al nie ewe gemaklik of selfs nog gemakliker - tien keer erger word as wat hulle eers was nie. Want elke mens het `n mate van eieliefde en wil `n redelike versorging hê; daarom dink elke mens tog heel natuurlik eers aan homself en dan eers aan die ander! En dit kan jy hom tog onmoontlik kwalik neem nie. Huis en grond kan elkeen tog nie hê nie, want dan sou Elohim by elke geboorte `n stuk grond met `n huis gebore moet laat word en dit ook saam laat opgroei. Omdat dit egter nie so is nie en die eersgeborenes hulleself reeds lankal elke plekkie op aarde toegeëien het, sodat daardeur die meeste laasgeborenes tog geen voetbreedte stukkie aarde kan besit nie, bly daar uiteindelik niks anders oor as dat hulle hulleself deur allerlei kennis onontbeerlik maak vir die luie besitters en dan so op die een of ander manier in diens gaan by die ryke besitters van die aarde, of hulleself op diefstal toe te lê, om nie die sware bedelstaf te moet opneem nie. - As dan die bestes van diegene wat geen grond en geen huis besit nie, vir hulle dienste slegs maar geld kry en die geld, indien moontlik, bymekaar spaar, sodat hulle vir hulle ou dag iets kan hê, dan sien ek daar absoluut niks slegs in nie en ek vind dat in geld `n nuwe moontlikheid lê om grond en lande te koop vir al diegene wat op hierdie armsalige aarde deur geboorte en afkoms sonder enige besit en sonder hoop was om ooit te kry wat hulle wil hê nie. En ek moet eerlik beken dat Elohim Self, wat nie tegelyk vir elke pasgeborene ook `n nuwe stuk land kan of wil skep nie, die heersers die goeie idee ingegee het om geld te skep, waardeur ook kinders van besit-loses die nodige versorging kan kry, wat beter is as dit wat deur grond en besit verkry word. En Elohim kan tog nie wil hê dat die kinders van besitloses te gronde sal gaan nie? Want hulle kan daar tog duidelik niks aan doen dat hulle op hierdie wêreld gebore is met dieselfde lewensbehoeftes as die kinders van die besitters nie!

[19] Al neem ek van U, wat miskien wel die grootste profeet is wat ooit hierdie aarde betree het, alles aan wat U al onderrig het en nog sal leer, dan neem ek tog dit wat U uitgelê het oor die skade wat geld berokken, nie aan nie. Want net so goed as wat geld volgens U opvatting skadelik kan wees, net so goed kan die ander ook skadelik word! As ek die skape, osse, koeie, kalwers, esels, hoenders en duiwe en al die vrugte en al die brood het wat slegs in ons land al sedert Dawid gesteel is, dan was ek die rykste mens in die hele Israel! En die hoerery was vroeër toe die mense geen geld gehad het, soos byvoorbeeld in Sodom, Gomorra en in Babilon, ewe erg en nog erger bedryf as nou.

[20] Ek wil nie direk beweer dat U nie gelyk het met dit wat U van geld sê nie; maar waar op hierdie armsalige aarde is daar dan iets te vind waarmee geen duisendvoudige slegtighede begaan word nie? As Elohim sulke dinge egter nie so uitermate vervloek het vanweë die slegte gebruik daarvan nie, waarom moet hy dan juis geld as so sleg en vervloek beskou?”

[21] **Ek** sê: ”**Wat iemand liefhet, daarvoor het hy ook verstand genoeg om dit te prys**; jy hou uitermate baie van geld en kan daarom geld heel goed bejubel. **Ek sal jou daarom ook verder niks meer sê nie,** want waarvan mens hou dit sal mens ook prys. **Jy sal egter binnekort die vloek van geld nog leer ken**! - Nou hou ons egter daarmee op. Die weg na Kapernaum is nog styf en ons moet nog voor sonsondergang daar wees en onderdak soek!”

### *Die karakter van Judas*

**95** Nou kom Thomas na Judas Iskariot toe en verwyt hom dat hy dit gedurf het om by My aan te kom met sy dom idees oor geld, **terwyl My Gees tog die van Elohim Self was** en Ek dade verrig wat slegs maar vir Elohim moontlik was!

[2] **Judas** sê aan hom: ”Jy is nog net so dom soos wat jy altyd was! Want óf jy glo elke tweede mooi storietjie, óf jy glo heeltemal niks! Dink kan jy nie en reken nog minder. Toe jy vis verkoop het op die mark vra jy vir groot en klein visse dieselfde prys, sodat die kopers jou daaroor in jou gesig uitlag! Soos jy altyd was, so is jy nou nog, jy dink nie en jy reken nie, maar jy leef so lekker dom van die een dag tot die ander, soos wat jy nog altyd gewoond was.

[3] Ek is nou pas `n paar uur in die geselskap van hierdie groot Profeet, en dit is my gewyde plig om Hom te deurgrond en Hom so goed as moontlik te leer ken, sowel Sy sienswyse as Sy optrede! Jy is nou al ongeveer `n halfjaar in Sy omgewing en jy moet Hom daarom ook beter ken as ek! Moet ek my egter, omdat jy Hom al ken, heeltemal geen moeite troos om Hom ten minste ook so te leer ken as wat jy Hom tot nou toe leer ken het nie?"

[4] **Thomas** sê: "Jy wil hopelik tog nie vandag alles weet om dan môre weer huistoe te gaan nie? Dit is maar goed dat die Meester eindelik weer op Sy weg gegaan het, anders was jy môre nog nie oor jou domme geld uitgepraat nie! Die Meester het gelyk; die vervloekte geld sal nog eens jou dood beteken, omdat jy dit so besonder aantreklik vind! Die Meester het jou tog duidelik genoeg gesê watter waarde geld het en op welke manier dit baie nadelig is vir die geestelike lewe van die mens; maar jy is al lankal wyser as Elohim Self en daarom kan jy ook voor Elohim jou wysheid as kroon opsit. Pas maar op dat jy nie gaan stik van louter wysheid nie!

[5] Maar wat het my vishandel daarmee te maak? Ek het immers altyd al my vis eerste verkoop, terwyl jy, ondanks jou goeie lesse, die helfte van joune weer huistoe moes dra! Ek verkoop sowel die grotes sowel as die kleintjies teen tien stuks vir twee pennings en kon altyd nog goed vyfmaal so baie verkoop het, as ek dit na die mark sou geneem het! En dit blyk vir my dus duidelik dat ek beter gereken het as jy, wat dink dat hy wyser as Elohim is, maar tewens `n gierigaard is wat al sy verlossing in geld soek; - vir dié wysheid gee ek nie `n sent nie!"

[6] `n Bietjie verbouereerd antwoord **Judas**: "Elkeen praat volgens sy verstand!" **Thomas** sê: "Dit is waar; jy begryp alles, omdat jy so dom is, op `n domme manier en jy praat ook so! Gee liewer aandag aan `n arme wat langs die pad lê! Gee hom jou beurs, dan sal jy vir die eerste keer in jou lewe volkome wys optree!"

[7] **Judas** sê: "Dit sal ek wel mooi nalaat; want nog nooit het iemand my iets in die ware betekenis van die woord geskenk nie en daarom skenk ek ook niemand iets nie!"

[8] **Thomas** sê: "Dit is `n baie lofwaardige beginsel wat by voorbaat al vervloek moet word! Ek sê vir jou, met sulke beginsels sal jy by ons Verlosser en Meester nie ver kom nie; daarvoor staan ek in! Hy is die grootste vrygewigheid in eie persoon - **en jy is `n gierigaard sonder weerga!** Dit pas heel aardig bymekaar!"

[9] **Judas** sê: "As ek Hom eers maar eenmaal goed bearbei het en Hy insien hoe mens in dié wêreld moet lewe om `n gerespekteerde mens te wees, dan sal Hy wel minder vrygewig word! Origens is dit ook beslis geen kuns om te leef op koste van diegene wat vrygewig is en sy volgelinge goeie maaltye voorsit nie! Glo my, as ek êrens so `n dwaas vind, soos hierdie jonge gasheer, dan sal ek ook op sy koste so vrygewig wees soos wie ookal! - Maar juis hierdie JaHshua, wat van huis uit `n brandarm mens is, moes net uit eie middele maar eers `n groep leerlinge onderhou en voed, dan sal jy dadelik sien hoe vrygewig Hy is, en of Hy nie so vinnig moontlik al die volgelinge sal wegstuur nie!"

[10] **Thomas** sê: "Ek sê vir jou niks anders nie as dat jy heeltemal duiwels is; want soos jy nou gepraat het, kan slegs die duiwel praat! Dit lyk na verstandige taal, maar dit lyk slegs so maar wat jy sê is die onbeskaamdste leuen ter wêreld. Ek het daar spyt oor dat ek jou hierheen gebring het. Want daar is baie honderde mense in Sigar en almal was gevoed uit die Hemele! En die vervalle huis van IrhaEl het Hy in enkele minute so herbou dat dit nou verreweg die kosbaarste huis in die stad is! En jy, grenslose, aanmatigende, oerdomme dwaas wil dan vir my, wat met my eie oë die hemele geopen gesien het en tallose skares van Elohim se Engele gesien opstyg en neerdaal het, in 'n sekere sin as die wyse der wysste daarvan oortuig dat JaHshua `n arme drommel is wat Homself op `n ander man se koste laat weldoen? O, hoe is jy tog `n arme sukkelaar! Hy, aan wie hemele en aarde volkome aan behoort, omdat Hy hulle gegrondves het deur Sy Almag, sal sekerlik nie jou of my skatte nodig hê om op hierdie wêreld, waarop Hy die vrugte laat groei en laat ryp word, te kan lewe nie? O, jou ontsettende blinde dwaas! Gaan na Sigar, oortuig jou van alles en kom dan terug, en ons sal sien of jy nog so dom en so wild sal redeneer soos nou!"

[11] **Judas** sê smalend en heel lakonies: "Het jy dit alles met jou eie oë gesien? Of het jy miskien ook nog `n paar osse- en eselsoë geleen wat jou so baie en sulke buitengewone dinge op een slag laat sien het? - Origens verheug ek my dat hierdie wyse Násarener ook die mooie IrhaEl leer ken het, wat intussen, soos wat ek so pas gehoor het, al met haar sesde man skyn saam te woon, omdat al vyf ander by haar, so te sê aan haar lyf gesterf het! Nou ja, by so `n mooi lyfie sou die hemele vir julle almal so mooi wyd oop gestaan het! Ja ja, IrhaEl het al menigeen in die sewende hemele gebring; waarom sou sy by julle dan `n uitsondering gemaak het? Maar ek sal vanweë haar egter nie na Sigar gaan nie; want ek hou my by die wet van Moses en ek wil my daarom nie besig hou met sulke sondige sake nie!"